Januarie 2011
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

‘n Nuwe jaar en ek hoop baie nuwe inligting oor ou Pretoria. Ek het onlangs ‘n baie interessante lesing van Anton Jansen ontvang. Hier volg ‘n paar uittreksels daaruit oor die Dieretuin. Anton sal my later help om die res van die stuk ook te verwerk en aan u deur te gee. Die foto’s is poskaarte uit my versameling. Verskoon maar die gedeeltes waar daar probleme was met die transkripsie.

------------------------------------------

<u>Praatjie gelewer deur Stephanie Rood saam met Nita Marais, op 5 September 1980 voor die tak van die Vrouefederasie in Pretoria-Oos</u>

“Ek is op 25 Januarie 1906 in Boomstraat 191 in Pretoria gebore en het tot my vyftiende jaar daar gewoon. Toe ek klein was, was daar in die Dieretuin onder meer ‘n paar olifante, ek dink so drie of vier. Een se naam was Mary, en ons kon vir ‘n trippens op haar rug ry. Dan klim jy van ‘n platvorm op die ??? [drastoel] op haar rug. Daar was plek vir ses, drie aan elke kant, rug aan rug. Mary was ‘n Indiese olifant.




[Poskaart no. 500 567. Uitgewer: The Valentine & Sons Publishing Co. Datum: onbekend]

Daar staan nou ‘n “bandstand” [orkesverhoog] voor die huidige teekamers [in die Dieretuin]. Ek was laasweek in die “Zoo” en die “bandstand” is nou omgeskep in ‘n lelike hok vir honderde budjies. Later is die konserte in Burgerspark gehou. Daardie GS [“Grand Stand?”] staan moontlik nog. Polisieorkes ook nog.




[Orkesverhoog in Burgerspark. Uitgewer van die poskaart is onbekend. Die agterkant is nog nie in twee dele verdeel nie wat beteken dat dit voor ongeveer 1906 uitgegee is.]

‘n Paar jaar gelede het ek dr. Brandt, direkteur van die Dieretuin, gebel in verband met ‘n seringboom wat ??? deur die Celliers’e in die 1870’s ??? geplant is. Dit het naby die Sammy Marks-fontein gestaan en het aandag nodig gehad. Maar toe vertel hy my ‘n baie interessante boomstorie. By die eendedam was daar ‘n groot ou wilgerboom. Ná die Anglo-Boereoorlog het van ons Boerekrygsgevangenes takke van ‘n wilgerboom van St. Helena saamgebring. Dié besondere boom was een waaronder Napoleon graag gesit het. Nou ja, die wilger het gefloreer en groot gegroei in die Dieretuin. Jare later het die wilger op St. Helena doodgegaan en Jan Smuts, toe hy Eerste Minister was, het lote van ons boom teruggestuur na St. Helena. Op my vraag laasweek wat van die boom in die Dieretuin geword het, het dr. Brandt gesê dat die boom oud was en deur die wind omgewaai is, maar lote is geplant en binnekort sal ‘n Napoleon-wilg hopelik weer daar pryk.

Nog ‘n interessante boomstorie is dat daar nog ‘n kafferboom [koraalboom] staan op ‘n verkeerseiland op die hoek oorkant die Akwarium. Dit is in 1880 geplant – een van agt deur die Celliers-gesin op die grens van Rus in Urbe en Sans Souci. Op die oomblik is die ou kafferboom [koraalboom] vol blomme!

Ek was ook nou onlangs ná baie jare in die Museum. Dit is nou werklik aantreklik gerestoureer. Daar het ek ‘n baie ou kennis raakgeloop, naamlik die Egiptiese mummie! Ek weet nie of die omhulsels oor die lang tyd meer verweer het nie – dit lyk so – maar daardie half uitgevrete toue lyk nog presies soos dit vir my as ‘n baie klein dogtertjie laat gril het.

Ma vertel van die sirkus op Kerkplein. Daar was ‘n storm en die tentpaal breek middeldeur. Haar ouer susters was net bekommerd oor hul hoede. Haar vader had ‘n klein perlemoenmessie waarmee hy sy sigare ge-tap het en het

daarmee begin saag aan die seil en ‘n groot gat geskeur waardeur hulle kon uitkruip en huistoe gaan. Op ‘n stadium was al haar ??? gekonfiskeer deur Shepstone. Toe druk sy die ??? op kladpapier.

Elke winter kry almal Bosveldkoors. Dan met die wintervakansie gaan die De Kocks [Stephanie Rood se nooiensvan was de Kock] per ossewa na die plaas – Pieter en Abraham de Kock se jagplaas. Twee-en-‘n-halwe dae se reis met drie waens …. Twee kokke. Saans groot vuur. Nooit vleisbraai nie, maar mielies onder die as. Mans jag. Swem gereeld in die Olifantsrivier. Vind later krokodille daarin.”

---------------------------------------------------

Terugvoering op verlede maand se brief

Van Piet van Biljon:

Ek het die morse kode vertaal met ‘n fasiliteit op die Internet:

- - - . . . .  / - - . - . - . - .  - -  / . . . . - - - . - - / . . / . - . . - - - /

Vertaal na:

"TTTEEEE TTETETETETT EEEETTTETT EE ETEETTT"

Ek is geen kenner op hierdie gebied nie. Ek hoop net dit was iets romanties en het vir die dame iets beteken!

Groete,  Piet van Biljon

Die volgende van Johan Victor en Johan van Zyl

Môre Rosa

Die geweer op hierdie foto [boonste ry tweede van links] is ‘n Swiss Vetterli – ek dink die 1878 model. Dit het ‘n kenmerkende slotmeganisme terwyl die ander gewere enkelskoot en vermoedelik Martini-Henry's is.

Op die oog af is daar verskillende gewere – daar is dié sonder en met drabande en party lyk korter as ander. Dit is egter moontlik dat dieselfde geweer meer as een keer op ‘n foto verskyn aangesien dieselfde bandolier meer as een keer afgeneem is.

By die identifisering van gewere is dit belangrik om die deel te sien waar die sneller, ens is. Dan kan ‘n mens verder kyk na die loop en sy kenmerke – plek vir ‘n bajonet, laaistok, ens.

Hier is ‘n skakel na die Vetterli-gewere.

http://www.militaryrifles.com/Switzerland/SwissVet.htm

‘n Opsomming van die wapens wat geidentifiseer is op die saamgestelde foto, is as volg:

1. Switserse Vetterli
Agterste ry, 2de van links.

2. Martini-Henry karabyn
2de ry van voor, heel regs

3. Martini-Henry
Voorste ry, heel regs.

4. 500/.450 Westley Richards falling block "Free State Martini" of 'Majuba'
Voorste ry, 2de van links
2de ry van voor, 2de van links
Agterste ry, middel, 2de van regs, heel regs.

Groete, Johan Victor

-------------------------------------------------------

Al drie die gewere in hierdie foto's is van 'n sekere soort Martini-Henry karabyn wat hulle die "Majuba-tipe" noem. Dit is 'n Martini-Henry wat van die Westley-Richards valblokslotpatent gebruik maak, met 'n korter laaihefboom verder na vore wat om die snellerbeuel pas, en met 'n ander tipe veiligheidsknip.

Groete
Johan van Zyl

Hier is ‘n skakel na die artikel “Wapens in die Eerste Vryheidsoorlog”:

http://samilitaryhistory.org/vol052fm.html

--------------------------------------------------------

Groete tot volgende maand, Rosa Swanepoel